OM DIE KERK-SON TE VANG

KOBUS GERBER

Dr Kobus Gerber is predikant by Waverley NG gemeente en gee hier enkele refleksies op die Algemene Sinode 2002, waarvan die werk gekulmineer het in 'n afsluitingsliturgie waartydens 'n waterskeidingsverklaring/ -verbintenis aanvaar is.

In my nadenke oor die NG Kerk na Oktober 2002 het die lied Sonvanger van Valiant Swart vir my 'n metafoor geword waarmee ek wil terugkyk en ook vorentoe kyk na aanleiding van die rol van hierdie kerkvergadering. Dis 'n metafoor waarmee ek glo sinvol saamgedink kan word oor die rol wat die kerk as bepaalde gestalte van die koninkryk van God kan speel, 'n kerk wat as s(S)onvanger die lig van Hom wat die ware Lig is, in ons wêreld wil inbring:

SONVANGER

Kyk of jy vir my die son kan vang;
daar's 'n kamer in die huis waar ons die son kan hang.
Dis donker by die venster in die middel van die dag.
Onthou jy hoe helder die kamer kon lag?

Kyk of jy vir my die son kan bring;
daar's 'n liedjie in die gange wat die son kan sing.
Want dis stil in die hoeke hierdie koue seisoen.
Kan jy sien wat die wind en die reën aan my doen.

Koor

Sonvanger
Ek vra jou mooi laat hom weer vir my kom skyn.
Sonvanger
Laat my verstaan hoe 'n somer sommer so in die niet kan verwyn;
en laat hom skyn.

Kyk of jy vir my die son kan kry;
daar's 'n huisie in my hart waar die son kan bly.
Kyk of jy vir my die son kan steel;
daar's 'n plekkie in die tuin waar die son kan speel.

Koor

Bring 'n bietjie lig vir die draaie op my pad;
En 'n handjie vol strale vir die donker in my hart.

Koor

Valiant Swart

Daar was vir my 'n duidelike aanloop tot hierdie vergadering: Waar kerkleiers voor die tyd byeen was, was almal (ten minste waar ek was) eenstemmig dat hierdie vergadering 'n kairos-moment vir die NG Kerk was, 'n soort van 'n kerklike Rubicon wat ons moes oor. Daar was nie voor die tyd duidelikheid oor die "hoe" nie – oor die "dat" 'n heilige kreet. En natuurlik was daar in die krete verskillende aksente en nuanses omdat elkeen maar sy/haar kreet wou sien realiseer. Onderliggend aan die krete, die heilige onrus, was die volgende temas uitkenbaar: identiteit, geloofwaardigheid, relevansie, hoop, verskil, Godgefokus, coram Deo, visionêre leierskap. En daar is werklik gebid vir hierdie vergadering, nie net vanuit NG Kerk-geledere nie maar ook vanuit ander kerklike kringe.

Op 'n dieper vlak as bogenoemde lê die indringende besinning en werk wat die afgelope jare rondom die ekklesiologie, rondom gemeentes in ons kerk/ land, gedoen word. Hierdie besinning, skryfwerk en begeleiding is nie bloot akademiese gimnastiek nie, maar kom uit die passie van knap teoloë wat die Here en sy kerk (en in dié geval die NG Kerk) baie liefhet. Wanneer met erns aandag gegee word aan die plaaslike gemeentes, raak dit uiteraard ook die verband van gemeentes omdat die aandag in meeste gevalle gegee word vanuit die strukture en meganismes wat die kerkverband die afgelope jare begin skep het om gemeentes by te staan. Die denke oor die gemeente het dit onmoontlik gemaak om nie ook die kerkverband, in besonder die plek en rol van ons Algemene Sinode, te dink nie. 'n Besondere toespits van die denke oor en besig wees met gemeentes, is die verskuiwing van gemeentes met 'n missionêre program na missionêre gemeentes – waar die *missio Dei* die aard van gemeente-wees definieer.

Derdens was daar in die aanloop na die Algemene Sinode by baie dominees en gemeenteleiers 'n toenemende bewusword van ons geleenthede en uitdagings in ons land en streek, maar ook 'n kommer dat ons niks daaraan doen nie, of vasgeverf is in 'n denkpatroon wat sê ons kan niks daaraan doen nie. Ten minste by sommige het dit duidelik geword dat ons moet wakker word, dat daar 'n reuse deur vir ons oop is… en het dit ook begin waag om daardeur te stap. Darrel Guder (1998: 17) verwoord iets hiervan wanneer hy Diogenes Allen aanhaal wat sê dat Christopher Fry in sy toneelstuk A Sleep of Prisoners so 'n situasie mooi saamvat. Allen maak die volgende opmerkings by die onderstaande aanhaling uit die toneelstuk: "We remain captives within a mental framework that has actually been broken. We are like prisoners who could walk out of a prison because all that would enclose us has been burst open, but we remain inside because we are asleep. Christopher Fry, however, tells us that this is the time to wake up."

The human heart can go to the lengths of God.
Dark and cold we may be, but this
Is no winter now. The frozen misery
Of centuries breaks, cracks, begins to move;
The thunder is the thunder of the floes,
The thaw, the flood, the upstart Spring.
Thank God our time is now when wrong
Comes up to face us everywhere,
Never to leave us till we take
The longest stride of soul men ever took.
Affairs are now soul size.
The enterprise
Is exploration into God.

'n Vierde vooraf-gebeure: die meeste van die streeksinodes is besig met opwindende transformasieprosesse. Dit is nie foefies nie, maar prosesse waarin dit om God gaan! En dit kon nie anders as dat die prosesse ook hulle invloed het daar waar sinodes korporatief vergader het en in die lig van die Son koers vir die pad van 'n kerkverband moes soek nie.

In die verloop van die vergadering se ses dae het, voortvloeiend uit bogenoemde, enkele prosesse na vore getree:

Die Here het dit so beskik dat by hierdie vergadering 'n groot groep jong maar sterk en knap teoloë teenwoordig was. Die teologiese diepte van 'n nuwe geslag dominees was 'n vreugde om te beleef. En hulle het hulle deel gedoen: in die groot debatte, maar in besonder in formele/informele besinningsgeleenthede ter vergadering waaruit koers gegee kon word. Daar was 'n gees van onderlinge konsultasie en saamdink: NIE groepdruk nie!

In die beplanning van die vergadering is gewaag om "bewuswording" deel van die agenda te maak. Die voorlegging van Louis Fourie van Citadel het die wêreld van Suid-Afrika op 'n ongewone wyse op die tafel kom plaas. Daar was nie 'n manier om dit te ignoreer nie. Op verskillende momente ter vergadering was daar 'n openheid om bewus te word van pyn en geleenthede.

Natuurlik was daar met al bogenoemde in gedagte by 'n groot klomp afgevaardigdes uiterste frustrasies omdat baie maniere van doen nog uit 'n vorige paradigma van sinode-hou was. Die vorige opmerkings sou dit ook duidelik gemaak het dat daarmee saam daar juis 'n gewilligheid en openheid was om almal saam te vat en juis sake wat frustreer het, positief en konstruktief te bestuur.

> Sonder dat dit eksplisiet op tafel was, het alles vooraf en tydens die vergadering meegehelp dat 'n kerk met waardes en nie reëls nie begin werk het.

Daar was natuurlik pynlike gebeure, verleenthede (bv die gesprekke rondom die kerklike media, homoseksualiteit, ens). Dit was egter ook groeigeleenthede. Juis hierin kon 'n besondere nuwe wind sag begin waai: 'n kerk wat met 'n sagte, pastorale hart begin dink en doen.

Sonder dat dit eksplisiet op tafel was, het alles vooraf en tydens die vergadering meegehelp dat 'n kerk met waardes en nie reëls nie begin werk het. Die verklaring/verbintenis is die vergestalting daarvan.

> Nooit sal die NG Kerk weer dieselfde kan wees nie.

En dan natuurlik die verklaring/ verbintenis waaromheen 'n aangrypende afsluitingsliturgie gestruktureer was. Die verbintenis het gegroei uit die harte van die verskillende moderators, is deur ds Johann Symington in woorde gegiet, deur die vergadering aanvaar en tydens die afsluitingsliturgie openlik deur almal bevestig.

Nooit sal die NG Kerk weer dieselfde kan wees nie. Nie net die verklaring/verbintenis, maar ook die aanloop daartoe voor en tydens die vergadering dui op 'n gety wat gedraai het, op 'n kerk wat gewaag het om as s(S)onvanger na die s(S)on te draai en, *voila*!!, te ervaar hoe die veelkleurige en wonderlike lig van die Son van Geregtigheid ons en die kamer van ons wêreld begin verlig, hoe ons begin sien en stap, hoe die vrees verdwyn,

hoe ons besef ons is alleen maar hier ter wille van die wêreld en om hierin lig te bring… en begin waag om daaraan te raak in die styl van Jesus. Die prosesse wat op die oomblik in die NG Kerk aan die gang is voortvloeiend uit die vergadering van die Algemene Sinode en onder leierskap van die Algemene Sinodale Kommissie bevestig dit!

Om hierdie dinamika te behou, om s(S)onvangers te bly, lyk my wys die voorafgaande dat die NG Kerk met die volgende as bakens moet beweeg:

> 'n Voortdurende lewende verbintenis aan die lewende Here wat ons dien vanuit 'n bestaan coram Deo. Ons moet ons beskroomdheid en vrees laat staan om op te roep tot verbintenis! Ons moet mekaar uitdaag *to put our commitment where our confession is!*

> 'n Diepe besef dat ons as kerk (in al sy gestaltes) slegs hier is ter wille van die wêreld. Die missionêre van die NG Kerk (bedoel in sy wydste moontlike definiëring, naamlik as uitreik, noodhulp, verkondiging, "sending", ens) is nie programme of aksies van 'n kerk nie. Die missionêre definieer die diepste aard van kerk-wees: nie 'n kerk met 'n missionêre taak of program nie, maar 'n missionêre kerk (vgl Guder 1998: 6). Die gevolge is verreikend maar ongelooflik opwindend!

> Die NG Kerk moet op alle vlakke 'n berekende draer, 'n baken van hoop begin word. Om die spreekwoord om te keer: Waar daar hoop is, is daar lewe! Hoop kom wanneer 'n wêreld 'n geloofsgemeenskap ervaar wat bereid is om te waag om bedags agter die wolkkolom en snags agter die vuurkolom die onbekende aan te durf agter die Lewende Heer, die Son, aan… wat deur sy Gees in die dorheid van 'n stukkende wêreld kom lewe skep. Dan gaan dit gebeur dat mense die kleed van 'n geloofsgemeenskap, 'n kerk, gryp en sê: "Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle (Sag 8:23)."
> Ons styl moet die van Jesus wees: dien, voete was, sterf… Ons moet leer om "posisieloos" ons samelewing te dien.

> Wanneer 'n kerk soos die NG Kerk die diepste waardes vir mens-wees en samelewing-wees ontdek en gestalte gee deur sy lidmate, 'n kerk word wat waardegedrewe begin funksioneer, gaan ons saam met die ekumeniese kerk asook ander geloofsgroepe en samelewingstrukture dit regkry om die samelewing te transformeer na 'n waardegedrewe bestel. En gaan God se Ryk kom!

> Die NG Kerk het 'n tradisie van stewige, begronde teologiese denke vanuit 'n opleiding wat as "uitnemend" getipeer is. Die kerk moet sy opleiding troetel en as hoogste prioriteit begin sien- sonder uitnemende opleiding sterf die kerk! Die kerk moet doelgerig bou aan 'n nuwe geslag teoloë wat vanuit die hart van die kerk koers kan aandui. Die kerk moet dominees help om weer stewige teologie te lees, om deurgaans heropgelei te word, om elkeen opgewonde deel van 'n gemeenskap van mede-teoloë te wees wat soek, droom, visionêr dink oor God se koms na hierdie deel van ons wêreld.

In die mate waarin ons dit regkry om die kerk-Son te vang, Son-vangers te wees, kan die NG Kerk instrument wees dat God in die tuin van hierdie deel van ons wêreld kom speel en hande vol strale uitdeel aan 'n wêreld wat verlang na Lig!

Verwysings

Guder, Darrell L (red) 1998. Missional Church. A vision for the sending of the church in North America. Grand Rapids, MI: William B Eerdmans